higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 4

(4101064)

5 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

AFDELING A: LEES EN KYK	[50]
AFDELING B: OPSOMMING	[20]
AFDELING C: KYK	[30]
AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK	[40]
AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK	[40]

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord.
6. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.
8. Trek 'n duidelike streep deur rofwerk. As jy dit nie doen nie sal jou eerste poging nagesien word.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEES EN KYK

VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande tydskrifartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

INSIG OP 'N ASHOOP: DIS NIE NET SLEGTE NUUS NIE
deur Dawie Roodt

1. So 'n week gelede was ek by 'n entrepreneur in die afvalbedryf. Aangekom by sy 'myn', staan ek verstom. Wat 'n indrukwekkende onderneming. Natuurlik moes 'n mens gewoond raak aan die omgewing: die reuse stortingsterrein, of asgate soos ons dit altyd genoem het, lorries wat in- en uitry en 'werkloses' wat in die afval vroetel.

2. Maar na 'n verduideliking van die entrepreneur kom ek agter dat ek 'n totale wanbegrip het van wat aangaan.

3. My eerste wow-oomblik was toe ek vertel word van hul data. Hulle weet presies hoeveel en van watter aard hul afval is. Hulle kan byvoorbeeld sien hoe goed (of sleg) kleinhandelaars en restaurante doen. En hoe bestedingspatrone verskil. Hoe armwoonbuurte duidelik meer vars produkte, wat nie verpak is nie, koop. Ryk woonbuurte se afval bevat baie verpakkingsmateriaal, terwyl die armer woonbuurte duidelik meer vars produkte koop.

4. Een van die groot bronne van rommel is die konstruksiebedryf. Sandton en Midrand is op die oomblik sterk groei-areas.

5. Maar wat my nog meer beïndruk het, is die wetenskaplike wyse waarop al die vullis verwerk word.

6. Voordat enige vullis gestort word, word alles van waarde onttrek. Goed soos plastiek, papier, metale en 'n horde ander 'produkte' word gemyn. Reuse-masjiene word gebruik om goed soos karton of plastiekbottels te baal. Van hier af word dit verkoop aan verskillende fabrieke wat dit herverwerk. Sommige produkte is baie duurder as ander en die pryse wissel namate vraag en aanbod in die mark verander.

7. Maar die beste van alles is die ander entrepreneurs – dis nou die ander mense wat daar werk, maar vir hul eie sakke. Honderde mense bedryf hul eie klein ondernemings.

8. Soos die lorries vullis aflaai, word dit deur groepe mense, meestal vroue, deursoek vir waardevolle afval. Daar bestaan 'n stelsel onder hulle wat spesialiseer in verskillende soorte afval. Daar is die papiervroue wat net papier bymekaar maak. Sommiges spesialiseer in karton, ander in koerante en ander in 'goud': wit papier. Hulle almal verkoop hul produkte aan die fabriek vir verdere verwerking.

Kopiereg voorbehou

9. Die werksomstandighede lyk dalk met die eerste oogopslag onaantreklik, maar alles word baie wetenskaplik gedoen en veiligheid en gehaltebeheer word baie goed bestuur.

10. Maar hierdie mense word mos uitgebuit? Ek het ook so gedink. Die arme werkloses wat hulle afsloof op die asgate en in ryk mense se rommel snuffel? Alles behalwe! Hulle verdien tussen R4 000 en R7 000 per maand! Hulle is trots op hul werk, hulle bestuur hul eie ondernemings en hulle versorg hul families.

11. En dit was my les. Daar is nog baie ekonomiese lewe, ten spyte van teenspoed en moeilike omstandighede.

12. Ek vra die entrepreneur oor die swak rand. 'Geen probleem nie,' sê hy. 'As die rand verder verswak dan voer ek net meer uit!'

13. So, wanneer jy volgende keer by 'n asgat verbyry, moenie jou neus optrek en wegkyk nie, daardie mense verwerk jou vullis, en maak geld daaruit!

[Verwerk uit: *Rapport,* 25 September 2016]

1.1 Wat is die bron waarin hierdie artikel verskyn het? (1)

1.2 Wie is die skrywer van die artikel? (1)

1.3 Hoe sluit die opskrif van die artikel by die inhoud van die artikel aan? (1)

1.4 Wat dink jy is die funksie van hierdie artikel? (1)

1.5 Volgens die opskrif handel hierdie artikel oor 'n ashoop, maar in paragraaf 1 word daar verwys na 'n 'myn'.

1.5.1 Word hierdie verwysing LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel?

1.5.2 Verduidelik in jou EIE woorde wat met hierdie verwysing bedoel word.

(2 × 1) (2)

1.6 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

'n Entrepreneur is iemand wat ...

A 'n vasgestelde salaris verdien.
B vir iemand anders werk.
C nuwe uitvindsels ontdek.
D vir hom-/haarself werk. (1)

1.7 Verduidelik watter boodskap 'n entrepreneur uit hierdie artikel kan kry. (1)

1.8 Haal EEN sin uit die artikel aan wat aandui dat die betrokke entrepreneur altyd positief oor sy vooruitsigte bly. (1)

1.9 Verwys na die skrywer se woorde: 'En dit was my les'. (paragraaf 11)

Vertel in jou eie woorde watter les die skrywer geleer het uit die gewerskaf op die ashoop. (2)

1.10 Skryf slegs EEN woord neer uit paragraaf 1 wat daarop dui dat die skrywer baie beïndruk is deur die ashoopbedryf. (1)

1.11 Die arme werkloses wat hulle afsloof op die asgate word uitgebuit deur die entrepreneur.

1.11.1 Is die stelling 'n FEIT of 'n MENING?

1.11.2 Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2 × 1) (2)

1.12 Haal 'n sinoniem vir 'asgate' uit die artikel aan. (1)

1.13 Die werkers op die ashoop kan baie afleidings maak uit hul data.

Noem TWEE interessante bevindinge wat afgelei word uit hul data. (2)

1.14 Verduidelik die betekenis van die voorvoegsel 'wan' in die woord 'wanbegrip'. (1)

1.15 1.15.1 Noem DRIE afvalprodukte wat volgens die artikel herwin word. (3)

1.15.2 Wat word met hierdie herwinde produkte gedoen? (1)

1.16 Dink jy dat dit belangrik is dat veiligheid en gehaltebeheer toegepas word op die asgate? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.17 'Sommiges spesialiseer in karton, ander in koerante en ander in goud: wit papier'. (paragraaf 8)

Hier word na wit papier verwys as <u>goud,</u> omdat wit papier … is. (1)

1.18 'lorries wat in- en uitry' en 'werkloses wat in die afval vroetel.' (paragraaf 1)

1.18.1 Noem TWEE sintuie wat die 'werkloses' op die asgate sou help in hul werk. (2)

1.18.2 Gee 'n goeie Afrikaanse woord vir 'lorries'. (1)

1.18.3 Verduidelik waarom 'werkloses' tussen aanhalingstekens in die artikel staan. (1)

Kopiereg voorbehou

1.19 Die skrywer sê dat die mense in die rommel snuffel. (paragraaf 10)

1.19.1 Word hierdie sin LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel? (1)

1.19.2 Verduidelik in jou eie woorde wat die skrywer bedoel. (2)

1.20 Waarom dink jy, kan die werksomstandighede van die asgat-werkers as ongerieflik en gevaarlik beskou word? (2)

1.21 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.21) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die feit dat ons gewoonlik ons neuse optrek en wegkyk wanneer ons by 'n asgat verbyry, kan dui op (stereotipering/veralgemening). (1)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: BRIEF AAN DIE PERS

Lees die onderstaande brief aandagtig deur en beantwoord die vrae.

Poppiestraat 10
PAARL
0183

10 Oktober 2017

Die Redakteur
Rapport
Posbus 100
JOHANNESBURG
0100

Geagte Meneer

SPEELGOED WAT KINDERS SOOS LANDMYNE LOK

Ek het gister met my buurvrou se kinders by die plaaslike winkelsentrum gaan inkopies doen. Nou verstaan ek waarom soveel ouers weier om 'n winkelsentrum saam met hul kinders te besoek. Dit is 'n mynveld van landmyne wat as kinderspeelgoed voorgehou word.

Dit is duidelik dat bemarkers kinders teiken aangesien hul weet dat kinders die vermoë het om hul ouers se besteding te beheer.

Die meeste ouers is blykbaar weerloos en koop speelgoed vir die kinders met geld wat hulle nie het nie. Ander ouers vrees die bekende vloermoer van hul onskuldige bloedjies en haal sommer die beursies uit voordat die eerste trane begin val.

Die kinders besluit wat gekoop moet word en die ouers gee toe. Iets sal gedoen moet word om die bose kringloop van effektiewe bemarking en ouers se ruggraatlose besteding te stuit.

Die uwe
H Jantjes
Hugo Jantjes

[Verwerk uit: *Rapport*]

2.1 Hoekom het Hugo Jantjes die brief geskryf? (1)

2.2 Waar het Hugo Jantjes gaan inkopies doen? (1)

2.3 Van watter probleme het Hugo Jantjes bewus geword tydens die inkopie-sessie? (2)

2.4 Gee TWEE redes waarom ouers, volgens mnr Jantjes, toegee aan die eise van hul kinders. (2)

Kopiereg voorbehou

2.5 Word die onderwerpsin LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

2.6 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Motiveer jou antwoord deur 'n sin uit die leesstuk aan te haal.

Ouers besluit self wat hulle gaan koop of nie. (2)

2.7 Op watter TWEE ander maniere, behalwe om die brief te skryf, dink jy kan Hugo Jantjes ander mense bewus maak van die probleem? (2)

2.8 Dink jy dat Hugo Jantjes gaan slaag in sy veldtog teen bemarkers en winkeleienaars? Verduidelik jou antwoord. (2)

2.9 Haal EEN woord uit die artikel aan wat daarop dui dat ouers nie standpunt kan inneem teen hul kinders nie. (1)

[15]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL OM OP TE SOM

- Verduidelik watter wenke jy aan iemand sal gee wat vir 'n eksamen moet voorberei.
- Skryf elke hoofgedagte in jou EIE VOLSINNE neer.
- Skryf jou sinne in PARAGRAAFFORMAAT neer.
- Jou opsomming mag nie langer as 75 - 85 woorde wees nie.
- Verduidelik so ver as moontlik in jou eie woorde.
- Dui die GETAL WOORDE aan die einde van die opsomming aan.

MOETS EN MOENIES VIR DIE EKSAMEN

Kry jou prioriteite reg vir die eksamen: maak 'n lys van al die dinge wat jy moet doen. Kyk na die betrokke vak se leerplan, handboeke en notas. Bepaal wat die belangrikste onderwerpe is en watter dele jy nog nie begryp nie. Raak aktief betrokke by die eksamen terwyl jy dit lees. Maak notas of onderstreep sleutelgedagtes. As jy dit bloot passief sit en lees kan jy sekere belangrike punte miskyk.
Skep geheuekrukke en stel geheuekaarte saam. Diagramme van jou leerwerk bly makliker in jou geheue vassteek as bladsye vol notas.
Toets jouself. Sê elke afdeling van die werk wat jy geleer het hardop vir jouself op en wanneer jy oor enigiets twyfel, raadpleeg net weer vlugtig jou handboek. Doen dit oor en oor totdat jy dit vlot ken en glad nie meer nodig het om na die inligting te kyk nie.
Hersien, hersien en hou aan om te hersien. 'n Mens kan nie oorstudeer nie. Dit is belangrik om eintlik die hele jaar deur daagliks hersiening te doen van dit wat jy in die klas geleer het.
Vermy verstandelike uitputting. Rus kort-kort vir kort rukkies terwyl jy studeer. Jou verstand moet uitrus voordat jy eksamen skryf.
Versorg jouself goed voor 'n eksamen. Eet goed, slaap goed en kry genoeg oefening.

[Verwerk uit: *www.miliestronk.com/eksamen.htm/*] **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: KYK

VISUELE TEKSTE

VRAAG 4: SPOTPRENT

Bestudeer die onderstaande spotprent aandagtig en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit: *www.my volk.co.za*]

4.1 Wat word deur die twee datums in die spotprent aangedui? (1)

4.2 4.2.1 Verwys na die kat se lyftaal in RAAMPIE 1.

Wat kan jy aflei uit die kat se lyftaal?

4.2.2 Verwys na die kat se lyftaal in RAAMPIE 2.

Wat kan jy aflei uit die kat se lyftaal?

4.2.3 Waarom dink jy het die kat se lyftaal so verander?

(3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

4.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

(2)

Verandering bring nie noodwendig verbetering nie. **[6]**

VRAAG 5: STROKIESPRENT

Lees die onderstaande spotprent aandagtig deur en beantwoord die vrae.



5.1 Verwys na Neelsie se woorde in RAAMPIE 1.

5.1.1 Bespreek die gebruik van die uitroepteken in plaas van 'n vraagteken na Neelsie se woorde. (1)

5.1.2 Waarop dui die ander uitroeptekens in RAAMPIE 1? (2)

5.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (5.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

Neelsie se liggaamstaal dui voortdurend op entoesiasme en meelewing. (2)

5.3 Sê of die volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING is. Motiveer jou antwoord.

Neelsie is die ideale kandidaat om hoofseun te wees. (2)

5.4 Waarom kan Neelsie se laerskool as baie klein beskou word? (1)

5.5 Verskeie opsies word as moontlike antwoord op die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Neelsie se verkiesing was onbestrede, aangesien …

A hy die ideale kandidaat was.
B almal gestry het tydens die verkiesing.
C niemand teen hom gestem het nie.
D hy die enigste kandidaat was. (1)

[9]

VRAAG 6: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie aandagtig deur en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit: *www.hoezit.co.za*]

6.1 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

6.2 Haal EEN WOORD uit die advertensie aan wat aandui dat die produk nie vervelig is nie. (1)

6.3 Die produknaam '*HOEZIT'* is 'n nuutskepping.

6.3.1 Dink jy die produknaam is gepas vir die teikenmark? Verduidelik jou antwoord. (2)

6.3.2 Skryf die produknaam oor in goeie Afrikaans. (1)

6.3.3 Haal 'n voorbeeld van nog 'n nuutskepping uit die advertensie aan. (1)

6.4 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die advertensie aan te haal.

Ouers kan gerus voel wanneer hul kinders die *HOEZIT*-webwerf besoek. (2)

6.5 Watter media-vorm is nodig om hierdie produk ten volle te gebruik? Haal EEN WOORD aan om jou antwoord te staaf. (2)

6.6 6.6.1 Verduidelik wat die adverteerder bedoel met: 'Kyk ook uit vir hope om te wen!' (1)

6.6.2 Sou jy graag iets wat deur hierdie adverteerder aangebied word, wou wen? Verduidelik jou antwoord. (2)

6.7 Woorde soos 'oppiebôl', 'coolste' en 'cool' is nie suiwer Afrikaans nie.

6.7.1 Verduidelik waarom dit in die advertensie gebruik word.

6.7.2 Gee 'n goeie Afrikaanse woord vir 'oppiebôl'.

(2 × 1) (2)
[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

FUNKSIONELE TAALGEBRUIK

VRAAG 7: ARTIKEL

- Bestudeer die onderstaande artikel aandagtig.
- Voltooi die teks met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld:

KOLOM A	KOLOM B
1.1 (in die dag)	A Gee een woord

Antwoord: 1.1 bedags

Elke Jan Brak en sy maat kry hier 'n been			
KOLOM A		**KOLOM B**	**PUNT**
By die @Frits-hondehotel in Kaapstad, kan (7.1 die mense aan wie die honde behoort) kies in watter kamer hul hond moet tuisgaan.	7.1	Gee een woord.	(1)
Al die kamers is volgens spesiale (7.2 tema's/temas) versier.	7.2	Kies die korrekte woord.	(1)
Die doen en (7.3 …) van elke hond word fyn dopgehou.	7.3	Voltooi die gesegde deur EEN WOORD van die volgende te kies: A gate B bate C kwade D late	(1)
(7.4 'Dis lekker om elke dag met honde te werk,' sê Yanic.)	7.4	Skryf in die indirekte rede.	(2)
Yanic is die (7.5 eienaar) van die hondehotel.	7.5	Gee die teenoorgestelde geslag.	(1)
Wanneer sy haar (7.6 oog) in die oggende oopmaak, kan sy nie wag om werk toe (7.7 …) ry nie.	7.6 7.7	Gee die meervoud. Gee die infinitief.	(1) (1)
Haar werk is haar (7.8 stok + perd).	7.8	Gee die samestelling.	(1)
(7.9 Elke hond kry 'n kamer met 'n televisiestel.)	7.9	Skryf in die lydende vorm.	(1)
Teen (7.10 R 500) per dag kry die hond die heel beste behandeling.	7.10	Skryf die bedrag in woorde.	(1)
Die (7.11 ryk) baas gee nie om om te betaal nie en kan selfs via Skype met die hond praat.	7.11	Gee die intensiewe vorm.	(1)
Elke (7.12 brak) word behoorlik (7.13 bederf).	7.12 7.13	Gee die verkleinwoord. Gebruik die woord **bederf** in 'n sin sodat die betekenis verskil.	(1) (1)
Na 'n (7.14 lekker) dag kan (7.15 wagter) en sy maat lekker slaap.	7.14 7.15	Gee 'n sinoniem van die woord. Skryf die woord reg neer.	(1) (1)

Kopiereg voorbehou

Uitstappies word gereeld (7.16 van/na) parke onderneem.	7.16	Kies die korrekte voorsetsel.	(1)
(7.17 Inkopies) word elke dag gedoen sodat die	7.17	Skryf die stam/basisvorm neer.	(1)
(7.18 vars) kos bedien word.	7.18	Gee die oortreffende trap.	(1)
(7.19 Kos word volgens die voorkeur van elke hond gegee.)	7.19	Verander die stelling in 'n vraagsin.	(2)
(7.20 Dit is waar die gepamperlang eindig.)	7.20	Skryf in die negatiewe vorm.	(2)
(7.21 'n Hond lê soms op sy baas se baadjie.)	7.21	Skryf in die verlede tyd.	(2)
Elke hond verkies spesifieke vreetgoed, maar elke eienaar verkies spesifieke (7.22 …) .	7.22	Voltooi die sin deur EEN van die volgende woorde te kies: A vreetgoed B eetgoed	(1)
(7.23 Elke hond kry sy vreetgoed wanneer hy wil vreet. Die hond kry sy vreetgoed waar hy wil vreet.)	7.23	Skryf die twee sinne as een sin neer.	(2)
Na 'n lekker dag in die hondehotel kan hond en mens saam inkopies doen in die hondewinkel in (7.24 'n/die) portaal.	7.24	Kies die korrekte lidwoord.	(1)
(7.25 @Frits baie goed sorg vir sy gaste.)	7.25	Skryf die korrekte woordorde.	(1)
(7.26 Hawelose honde word ook versorg in die hotel.)	7.26	Skryf die onderwerp neer.	(1)
Elke dag kry vyf hawelose honde (7.27 kos) by die hotel.	7.27	Gebruik die woord **kos** in 'n sin sodat die betekenis verskil.	(1)
@Frits se deure is nie toe vir die wat (7.28 meer) het nie.	7.28	Gee die antoniem van die woord.	(1)
Die honde word (7.29 elke dag) versorg	7.29	Gee een woord.	(1)
(7.30 totdat/omdat) hulle 'n huis kry.	7.30	Kies die korrekte voegwoord.	(1)
Elke (7.31 hond) word met liefde versorg.	7.31	Gee die verkleinwoord.	(1)
@Frits is 'n (7.32 eksklusief) hondehotel.	7.32	Gee die byvoeglike naamwoord.	(1)
(7.33 Pleeg + familie) versorg ook hawelose honde.	7.33	Gee die samestelling.	(1)
Geen (7.34 common) hond word weggejaag nie.	7.34	Vertaal in Afrikaans.	(1)
Elke hond kry sy (7.35 …).	7.35	Voltooi die idioom deur die korrekte woord te kies: A dag B stert C been D kos	(1)

[Verwerk uit: *Rapport,* 4 September 2016]

[40]

TOTAAL AFDELING D: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 8: MEDIA

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Vandag leef ons in 'n globale mediadorp. 'n Bekende kliniese sielkundige van Pretoria sê: 'Vreemd soos dit mag klink, is dit tyd om die televisie af te skakel en om die koerante weg te gooi as ons ons kinders en onsself wil beskerm. Geen nuus is goeie nuus!'

[Verwerk uit: *Rapport,* 4 September 2016]

8.1 In die uittreksel word na die wêreld as 'n 'mediadorp' verwys.

Noem DRIE soorte media wat oor die wêreld heen deur mense gebruik word. Gee ook 'n **voorbeeld** van elk. (6)

8.2 Verduidelik hoekom alle mense oor die wêreld heen nie dieselfde soort media gebruik nie. (2)

8.3 Watter vorm van media gebruik jy elke dag? Verduidelik jou antwoord. (2)

8.4 Stem jy saam met die kliniese sielkundige dat ons die televisie moet afskakel en die koerante moet weggooi? Verduidelik jou antwoord. (2)

8.5 Verduidelik wat jy onder die woord 'mediadorp' verstaan. (1)

8.6 Televisie-advertensies is 'n goeie voorbeeld van multimedia-kommunikasie.

Noem TWEE verskillende media wat in televisie-advertensies gebruik word. (2)

8.7 Humor speel dikwels 'n groot rol in televisie-advertensies.

Verduidelik waarom jy dink adverteerders graag van humor gebruik maak. (2)

8.8 Noem DRIE doelwitte van die media. (3)

[20]

VRAAG 9: MANIPULERENDE KOMMUNIKASIEMEDIA

9.1 Verwys na die onderstaande opskrifte wat op die voorblad van 'n tydskrif verskyn het. Kies 'n kategorie uit KOLOM B om by 'n opskrif in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (9.1.1–9.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
9.1.1	MISHANDEL Vrou veg terug, help nou ander slagoffers	A	Kosmaak
9.1.2	JO-ANN, MISHKA EN MELINDA Sterk, slim en sexy	B	Aktueel
9.1.3	LANK LEEF HAAR LEGACY Vreeslose Thuli Madonsela kyk vorentoe	C	Sosiaal
9.1.4	VOORBLADSTER! Skryf in en pronk met 'n sepiester!	D	Berading
9.1.5	SMULLEKKER BREDIES WAT JOU SAK PAS	E	Kompetisie

(5 × 1) (5)

9.2 Manipulasie is die gebruik van onregverdige metodes om 'n doel te bereik.

Kies 'n metode uit KOLOM B om by 'n manipulerende situasie in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (9.2.1–9.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
9.2.1	Gee vir my jou geld, jou selfoon en jou horlosie.	A	belediging
9.2.2	Dit is jou skuld dat ons so arm is.	B	oordrywing
9.2.3	Wanneer kry ek kos, ek gaan dood van die honger.	C	blamering
9.2.4	Jou brein is te klein om hierdie som te verstaan.	D	vleitaal
9.2.5	Jy het sulke pragtige bene, jy moet 'n model word!	E	afpersing

(5 × 1) (5)

9.3 Die media maak graag van stereotipes gebruik.

9.3.1 Verduidelik die term *stereotipe.* (2)

9.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n manlike- en EEN voorbeeld van 'n vroulike geslagstereotipe. (2 × 1) (2)

9.3.3 Gee TWEE voorbeelde van stereotipes rakende taal en kultuur in Suid-Afrika. (2 × 1) (2)

9.4 Verduidelik waarom televisie kinders se gedrag negatief kan beïnvloed. (2)

9.5 Verduidelik waarom televisie-advertensies finansieel groot druk op ouers kan plaas. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou